NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad: http://www.noordsin.co.za**
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur:* *Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

8 Maart 2019
Nr 09/2019

Warm nuus

Hofuitspraak

Die Algemene Sinode se moderamen (ASM) vergader tans (6-8 Maart) in Kemptonpark. Die vergadering het verneem dat die hofuitspraak oor die gay-kwessie môre (8 Maart) gelewer sal word. Die vergadering het daarom vandag (7 Maart) spesiaal daarvoor gebid. Die moderatuur sal so gou moontlik na die uitspraak met die kerk daaroor kommunikeer.

Vroeë kindontwikkeling

By die laaste SDR vergadering is daar ‘n taakspan vir vroeë kindontwikkeling (SKO) in die lewe geroep. Kontak vir **Lizette van Rooyen** by lizvanrooyen@gmail.com, sel 084 690 1971, indien jy wil betrokke raak.

Excelsus kursusse aangebied in 2de kwartaal

Neem asseblief kennis van die **VBO kursusse** wat in die 2de kwartaal aangebied word. [**Kliek hier**]
Navrae: *Sentrum vir bedieningsontwikkeling* UP, by 012-420 6738 of excelsus@up.ac.za.

Sinodenuus

Bybellees met ‘n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
- ***12 Maart.***
- Skriflesing: *Genesis 15*

Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Skolliekampe: *26-31 Maart* by Badseloop

Dit is weer tyd vir Skolliekamp! Dit is ‘n kamp wat **graad 11- en 12-jongmense** vir die lewe na skool voorberei. **Hierdie jaar kamp die Noordelike, Oostelike en Goudland Sinode saam.** [**Lees hier meer**…]

#imagine 2019

Die geleentheid gaan plaasvind op ***29-31 Maart*** in Limpopo.
Ons gee hier 'n **skakel** na die bekendstelling van die byeenkomste van **#imagine** in 2019.
Vir navrae, kontak gerus vir Fouché de Wet, 073 234 0156.

Weblad: www.imaginemovement.co.za.

Kolleganuus

- **Bevestiging**
  Nadine Bronkhorst word op Sondag, ***10 Maart*** om 09:00 by Rustenburg-Bergsig georden en lewer ook haar intreepreek.

- **Verjaarsdagwense:** *Hartlik geluk aan die volgende persone wat in die volgende tyd verjaar*:
  14/03 Piet J van Vuuren [Harare, 00263 712412821, vanvuurenpiet@gmail.com]
  15/03 Rian Steyn [SA Gemeente, 0044 7725894210, rian@sagemeente.com]
  16/03 George Beetge [Derdepoort, 083 260 1470, kinggeorge@mweb.co.za]
  Flip du Toit [Emeritus, 082 781 7076, fliptoit@gmail.com]
  ****
  13/03 Johann Meylahn [Universiteitsoord, 012-460 9526, rmeylahn@lantic.net]
  14/03 Annelie Schmidt [Nylstroom-Oos, 014-717 1119, ewald@ngoos.co.za]
  16/03 Johanette Pretorius [Naboomspruit, 014-743 3188, loupret@telkomsa.net]

Gemeentenuus

- **Koedoeskop** hou **Koedoefees**
  Datum: Saterdag ***30 Maart***
  Tyd: Vanaf 08:00 tot laat
  Toegang: Gratis!!
  Die dag gaan propvol pret wees! Musiek vermaak, boersport & veiling en baie stalletjies. Indien jy 'n stalletjie wil bespreek of navrae het … kliek hier.

- **Sanddrift**: Neem asseblief kennis dat die gemeente se e-posadres verander na ngsanddrift@gmail.com.

- **Villieria** benodig dringend **ekstra nagmaalware** soos nagmaalbekers, skinkborde ens. om te koop. Gemeentes wat belangstel kan hulle kontak by: ***Kymie van Niekerk*** [Kantoorbestuurder], ngvillieria@gmail.com / 012 331 6571.

Ander nuus

- **NOVO Vennootskap (Mosambiek)**
  Gemeentes wat in Mosambiek betrokke is word uitgenooi om verteenwoordigers te stuur na die jaarlikse vergadering van die Novo Vennootskap op Donderdag, ***4 April***. Kerkleiers van die IRM bring ons op hoogte van die situasie in Mosambiek en fokus in besonder op die werk van die Igrecia de Reformada em Moçambique, Novo Sinode.
  Hierdie is 'n besondere geleentheid om bande te smee met leraars van die IRM en kontak te maak met ander gemeentes wat ook in Mosambiek werk
  Nooi gerus almal waarvan julle bewus is wat in Mosambiek betrokke is uit na die byeenkoms.
  Bevestig asseblief vóór of op *1 April* wie die vergadering sal bywoon aangesien ons kollegas uit Mosambiek heelwat reelings moet tref vir hulle koms na Suid-Afrika.
  Plek: *NG Gemeente Skuilkrans* [Jan Albertstraat 1, Val-de-Grace, Pretoria]
  Tyd: 08:30 vir 09:00
  Kontakbesonderhede: *Carl Louwrens*, crl@telkomsa.net, 082 923 7452.

- **Excelsus kursusse**
  Werkswinkel: Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in gemeentes
  Die werkswinkel berus op die **werkboek "Bediening in en van Missionale Gemeentes"** wat in 2016 deur Malan Nel en Kennon L Callahan gepubliseer is.
  Datum en plek: **29 April 2019** (09:30 – 17:00) & **30 April 2019** (08:30 – 12:30) te NG Potchefstroom-Oos, h/v Burger- en Lanyonstraat, Bailiepark [**Kliek hier**]

- **Struwig Eko-Reservaat**
  Aandag leraars: **Louis Lemmer** gee die volgende deur:

- Struwig Eko-Reservaat nooi jou en jou gade om ons te kom besoek en te beleef hoe jy hierdie unieke bosveld-paradys, wat deel is van die groter Kruger Nasionale Park, kan benut in jou bediening.
- Ons gaan jou die gemaklike chalets op die oewer van die Olifants rivier wys. Jy kan kies om op 'n stap in Groot vyf wêreld te gaan, en om 'n nagrit mee te maak. Ons veldgidse gaan jou voorstel aan die inwoners van die bos. Kom kuier lekker saam die aand om die vuur in ons boskamp. Arriveer per voertuig of klim op ons rivier boot, maar kom!
- Struwig behoort deels aan die NG Kerk en daarom kan ons jou hierdie geleentheid teen slegs R150 per persoon bied!

  Datum: ***25-27 Maart*** [**Lees hier verder**…]
  As jy **navrae** het kan jy gerus vir ds Louis Lemmer van Magalieskruin gemeente kontak by 0829290244 of louis@lemmer.africa.
  Besprekings: struwigeco@iafrica.com

❖ Invitation to the launch of the newly contextualised Mission Shaped Materials for the local Church – *26 & 27 March*

Jana de Lange [Universiteitsoord] gee die volgende inligting deur:

You are **invited to a free launch and introduction** to the newly contextualised **MSi** (Mission Shaped introduction). This is designed to assist to shape your local congregation around God and mission. It is available in 4 languages so far and will be available to be acquired for only R500 for all the videos, PowerPoints, Handouts and Facilitation notes! The dream and hope of Fresh Expression is that ALL the participants and graduates of the various MSM's courses over the last few years will now translate what was learned into assisting congregations to:

- ***rediscover God's mission for the local church;***
- ***rediscover mission in a changing world***
- ***rediscover missional Church***
- ***rediscover making disciples***
- ***rediscover missional spirituality***
- ***rediscover missional listening.***

Are you interested? [**Lees hier meer…**]

❖ Hulpmiddel vir leraars en gemeentes

Jurgens de Jager [Witrivier] gee kennis van die volgende:

God se A-Plan met ons - 'n 40-dae HANDLEIDING vir kleingroepe!
Leraars voel soms dat lidmate verstaan nie wat God se bedoeling met die kerk is nie.
Lidmate het dikwels 'n behoefte om meer te leer van die verskillende Bybelboeke.
In "God se A-Plan met ons" kry 'n mens 'n oorsig oor wat God se plan met die kerk is en ook hoe ons die kerk moet sien. Die 6 hoofstukke van Efesiërs word in 40 dae (6 weke) in diepte behandel.
Landwye afskop: **14 April** **[Lees hier meer…]**

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media

Die **jongste LiG** is van Maandag af beskikbaar. Onthou dat daar in elke LiG uitgewerkte vrae vir selgroepe is oor die Christelike inhoud in LiG. In LiG se April-uitgawe inspireer *Lindie Strydom* ons met haar lewensblyheid en deur-settingsvermoë. Daar is besielende stories van gewone mense, raad oor beroepsvoorligting en vier God se goedheid en vryheid tydens Paasfees.
Inligting, Navrae en Diensverskaffing:
• Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Christelike Lektuur Fonds (CLF) –

Inligting, navrae en diensverskaffing: 021 864 3707 of besoek hulle webtuiste by www.clf.co.za.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Lydenstyd.
- Die algemene verkiesing [8 Mei].
- Plekke in ons land waar dit nog steeds droog is.

Proponente en ander vakatures

- **Pierneef**: **Vakature** – Orrelis en musiekleier [**Kliek hier…**]

- **UP Fakulteit Teologie**:
  - ★ **Gelegitimeerde proponente 2016**
    Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
    Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

  - ★ **Gelegitimeerde proponente 2017**
    Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]

  - ★ **Gelegitimeerde proponent 2018**
    Stian Bloem [083 443 5993, stianab@gmail.com]
    Freddie de Lange [freddiedelange@yahoo.com]
    Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
    Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
    Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
    Marco Koch [073 428 2709, marco2koch@gmail.com]
    Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
    Charlotte Sibanyoni [081 522 7714, charlottesibanyoni@gmail.com]
    Hendrik Smal [076 143 9559, smalhendrik@gmail.com]
    Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
  Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
  Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
  Ernst Muller *[082-656-1107, gaius117@gmail.com]*
  Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
  Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
  André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*

Ten slotte

BYLAES

Pierneef: Vakature
Orrelis en musiekleier

Gemeenteprofiel:
Die NG Gemeente Pierneef is geleë in Villieria, Pretoria. Die gemeente het ‘n moderne, realistiese en dinamiese ingesteldheid. Eredienste fokus onderandere sterk op aanbidding en lofprysing – ons is ‘n singende gemeente.
Pligte:
Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir:
- Begeleiding tydens die eredienste en ander kerklike byeenkomste.
- Saamstel en uitvoer van spesiale programme volgens die kerkjaar, bv. Paasfees, Kersfees, ens.
- Skakeling met die leraar rakende erediensliedere.
- Begeleiding tydens begrafnisse, troues, ens.

Vereistes:
- Nodige musiekopleiding.
- Vaardigheid in orrel en ander musiekinstrumente vir begeleiding tydens eredienste en ander kerklike byeenkomste.
- Beskik oor grondige kerkmusiekagtergrond.
- Meelewende Christen.
- Deelname aan die kerkmusiekspan se aktiwiteite.
- Daarstel van ‘n koor of ‘n sanggroep.

Die applikant moet bereid wees om ‘n onderhoud met die Taakspan te voer wat ook insluit ‘n Sondag se bespeling van die orrel of ander musiekinstrumente tydens ‘n erediens.
Salaris en diensvoordele is onderhandelbaar.
Aansoeke:
Aansoeke moet vergesel wees van ‘n volledige CV en 2 referente. Aansoeke moet gerig word aan: Die Voorsitter: Taakspan, NG Gemeente Pierneef, Pretoria en elektronies gestuur word na: Kantoor@ngkpierneef.co.za . Die reg word voorbehou om die sluitingsdatum te verskuif en ook om nie ‘n aanstelling uit die kandidate te maak nie.
Navrae: Navrae kan gerig word aan Steve Swart by 082 552 4743.
Sluitingsdatum: ***15 Maart 2019*** (16:00).

Terug

Invitation to the launch of the newly contextualised Mission Shaped Materials for the local Church

You are **invited to a free launch and introduction** to the newly contextualised **MSi (Mission Shaped introduction)**. This is designed to assist to shape your local congregation around God and mission. It is available in 4 languages so far and will be available to be acquired for only R500 for all the videos, PowerPoints, Handouts and Facilitation notes! When on a Memory Stick it is R600.

The dream and hope of Fresh Expression is that ALL the participants and graduates of the various MSM's courses over the last few years will now translate what was learned into assisting congregations to:
- ***rediscover God's mission for the local church;***
- ***rediscover mission in a changing world***
- ***rediscover missional Church***
- ***rediscover making disciples***
- ***rediscover missional spirituality***
- ***rediscover missional listening.***

Are you interested?

Please come to a launch event at these places and dates:
Johannesburg: Tuesday **26th March** at 09h30 till 13h00 at **St Martins on the Veld**, Rosebank Anglican, 43 Cradock Ave Rosebank: Contact Paul Siaki: paulsiaki@oci.org

09h30: Introduction to the vision and purpose of missional thinking and practice for the local Church
10h30: Refreshments
11h00: Workshop on how to use the MSi and Q&A. Acquiring of the materials on a Memory Stick or via the website
12h30: Q&A with the sale of the memory sticks and closure with a light meal
Tshwane: Wednesday **27th March** at 09h30 till 12h30 at the **Glen Methodist**, Cnr Keeshond & Hilda Road, Garsfontein: Contact Grant Thistlewhite: rector@stwilfrids.org.za
09h30: Introduction to the vision and purpose of missional thinking and practice for the local Church
10h30: Refreshments
11h00: Workshop on how to use the MSi and Q&A. Acquiring of the materials on a Memory Stick or via the website
12h30: Q&A with the sale of the memory sticks and closure with a light meal
Midrand: Wednesday **27th March** at 13h00 till 16h00 at **MidChurch** (Presbyterian), 18 King Willow Cres, Randjesfontein, Midrand. Contact Chris Judelsohn: Christopher@midchurch.co.za
13h00: Introduction to the vision and purpose of missional thinking and practice for the local Church
14h00: Refreshments
14h30: Workshop on how to use the MSi and Q&A. Acquiring of the materials on a Memory Stick or via the website
16h00: Q&A with the sale of the memory sticks and closure.

The attached flyer provides you with further information and will hopefully convince of the importance of using this in your congregation.

Kindly RSVP to the Contact person involved, or to me.

For more information on training and materials:
Website www.freshexpressions.co.za and for downloading the materials
Email: admin@freshexpressions.co.za and Mobile: 082 848 3995
Northern Team Leader: Rev Christopher Harrison
Email: Chris@evangelism.org.za
Mobile: 0824525244

[**Terug**]

Skolliekamp 26-31 Maart 2019
Badseloop

Beste Predikant, Jeugwerker & Skriba

Dit is weer tyd vir Skolliekamp! Dit is 'n kamp wat graad 11- en 12-jongmense vir die lewe na skool voorberei. Dit kan ook as belydeniskamp dien indien u gemeente nie self kan gaan kamp nie. Die kamp bestaan al vir meer as 50 jaar en het al duisende jongmense se lewens aangeraak!

Hierdie jaar kamp die Noordelike, Oostelike en Goudland Sinode saam. Ons is baie opgewonde hieroor! Die span bestaan uit verskeie studente, jong werkendes en ervare Skolliekampers. Die leraars wat saam kamp vir 2019 is Anandie Greyling (Oostelike Sinode), Johan Janse van Rensburg (Noordelike Sinode) en Phil Gräbe (Goudland Sinode).

Hoe kan u gemeente ons help?

1. Deur die Skolliekampdatums spesifiek tydens die aankondigings in die erediens (veral vir die ouers) uit te lig. Gebruik gerus een van die twee **Powerpoint-skyfies** wat **aangeheg** is vir die **aankondigings of gemeente-blad**.

2. Deur persoonlik die jongmense, en selfs die belydenisklas, aan te moedig om saam met ons te kom kamp. Indien daar jongmense is wat sukkel om op die webblad in te skryf, help hulle asb. deur die **aangehegte inskrywingsvorm** vir hul uit te druk en weer terug te stuur na info@skolliekampe.org.za Vir navrae aangaande inskrywings kontak gerus vir Carol Snyman 082 894 4626

4. Deur u gemeente te vra om saam met ons te bid en die moontlikhede te oorweeg om die jongmense van julle gemeenskap te help wat sonder die nodige borge nie die kamp sal kan bywoon nie. **Borgvorm aangeheg.**

5. Deur ons **bemarkingspan** te nooi om met die jongmense van u gemeente te kom gesels tydens 'n aanddiens of 'n jeugaksie. Kontak gerus vir **Shandrie van Zweel 076 862 3613.**

Gebruik u gemeente sosiale media?

Plaas asb. die inligting van die kamp op julle webblad, Facebook- en Instagram-blaaie.

Die **bemarkingsvideo** vir aankondigings/Facebook is beskikbaar by:
https://www.youtube.com/watch?v=B2detFwogpE

Die **Facebook-*event*:**
https://www.facebook.com/events/390862721719862/

Baie dankie by voorbaat vir u ondersteuning! Ons sien daarna uit om saam met u gemeente se jongmense te kamp.

Groete

Anandie Greyling, Johan Janse Van Rensburg en Phil Gräbe

Terug

Alle leraars!

Struwig Eko-Reservaat nooi alle leraars om te kom ervaar hoe jy die reservaat kan benut vir jou gemeente...

Koste? R 150.00 vir 2 nagte (Ingesluit: Alle etes; 'n stap in die bos saam met veldgids; 'n bosrit en 'n nagrit)
Wat!! Ja! Alle leraars (en gades) word genooi na die Groot 5 bosveldplaas in die Balule (Groter Kruger) vir 'n blootstelling.
Waar? Struwig-Eko is in die Balule Privaat Natuur Reservaat wat deel vorm van die Groter Kruger Nasionale Park (Kyk gou na www.struwigeco.co.za)
Wanneer? ***25-27 Maart 2019*** (Vertrek 27 Maart)
Maandag 25 Maart – Aankoms vanaf 14:00
18:00 – Aandete
19:00 – Kampvuur by lapa en blootstelling aan die plek ('n Nagrit kan gereël word)
26 Maart 2019
06:00 tot +/- 09:00 vir Wildrit of stap (Hang af wat jy bespreek)
10:00 – Noen-ontbyt
15:00 – Reg maak vir Boskamp uitslaap (Bring eie slaapsak en opvou-bed saam)
15:30 – Wildrit (2ure)
17:30 – Arriveer na wildrit by boskamp
18:00 – Braai…
27 Maart 2019
07:00 – Oplaai by boskamp en terug bring na kamp toe
09:00 – Noen-ontbyt
10:00 - Vertrek
Twee opsies om daar te kom!!
» Ry met jou eie vervoer tot by die Lodge of
* 'n Retoer bootrit op die wilde Olifantsrivier vanaf Phalaborwa tot by die Lodge @ R340.00 per persoon. Dit is soos om op die Okavango te vaar!
Bespreek spoedig by: www.struwigeko.co.za OF struwigeco@iafrica.com
(Onthou om die **"GROOT5" Leraarsblootstelling**" te gebruik as jou bespreking geplaas word)
NB!! Epos my ook by dsjurgens@ngwitrivier.co.za as jy bespreek het, sodat ons ons kan voorberei vir almal wat kom. (Ons het 7 chalets en 40 slaapplekke in die Jeugtuiste – en ons maak eers die Chalets vol (geskik vir egpare) en dan die Jeugtuiste. As jy te stadig is met jou bespreking sal jy moet wag vir volgende jaar!

Terug

Nuus oor 'n splinternuwe 40 dae vir Kleingroepe!!

God se A-Plan met ons

'n 40-dae HANDLEIDING vir kleingroepe!
Leraars voel soms dat lidmate verstaan nie wat God se bedoeling met die kerk is nie.
Lidmate het dikwels 'n behoefte om meer te leer van die verskillende Bybelboeke.

In "**God se A-Plan met ons**" kry 'n mens 'n oorsig oor wat God se plan met die kerk is en ook hoe ons die kerk moet sien. Die 6 hoofstukke van Efesiërs word in 40 dae (6 weke) in diepte behandel.

Wat is beskikbaar?

1. **Handleiding vir Groepleiers** @ R 16.00 per boek - http://online.anyflip.com/ioen/gjtc/
2. **Handleiding vir Groeplede** @ R16 per boek - http://online.anyflip.com/ioen/jepk/
3. **DVD** vir elke groep @ R50 per DVD. https://www.sageonlinetools.co.za/content/uploads/15201/video/VID-20190124-WA0003.mp4

INFO vir jou en julle Kerkkantoor! Nuwe manier van bestel...
https://www.sageonlinetools.co.za/Render/Custom/custom5bd28fb035344a229e66580994759490

Vul eers die Nuwe kliënt registrasievorm in en KLIEK op NG Witrivier en die reekse sal oopmaak en jy sal deur sommiges kan blaai om meer in detail na die temas te kyk.
Daar is 4 kategorië-reekse

A. Reekse oor die Identiteit van 'n Gemeente
B. Reekse oor die Heilige Gees
C. Reekse oor Praktiese Christenskap (God se A-Plan vir ons – 2de kwartaal 2019) https://www.sageonlinetools.co.za/Render/EcomProduct/bljptk
D. Reekse oor ons Getuienis na buite

Landwye afskop: 14 April 2019 – Indien jy belangstel, kontak my by dsjurgens@ngwitrivier.co.za / 0792929545.

Derde Kwartaal 2019

'n 40 dae oor die Sekulêre seestrome van ons tyd - Sekularisasie is 'n vreemde suigkrag wat ons stilweg meesleur om God se wil te ondermyn.
Tema: Hulle sê…. Wat sê hulle?

Ons praat oor Individualisme, Materialisme, "Commitment", Plesier, Verhoudingsbeginsels en Hedendaagse afgode.
Hierdie 40 dae skop afdie 21ste Julie! - Bestellings hiervan is om die draai

Terug